Bylaag G
Kerkregtelike beoordeling en / of Besluitnemingsbevoegdheid van die Eenheidsinode

Dr MA Van-Huffel-Plaatjies Mei 2004

A. Kerkregterlike beoordeling van die eenheidsinode:

1. Dit is slegs moontlik om 'n ekklesiologiese model kerkregterlik te beoordeel indien die konseptualiseringsfase afgehandel is.

2. Die konseptualiseringsfase mbt die eenheidsinode is egter nog nie afgehandel nie.

3. Daar word tans in beide die VGKSA en die NGK met verskillende voorveronderstellings gewerk wat met 'n eenheidsinode voorveronderstel word

4. Met die hou van 'n eenheidsinode moet egter geslaan word op die volgende:

4.1. Kerkregtelike implikasies en gemeenregtelike implikasies: Hoe kan ons gemeenregtelik ons regspersoon opgee en in 'n nuwe kerkverband opgaan?

4.2. Die regspersoon is gesetel in die gemeente en nie in die kerkraad nie.

4.3. Die kerkraad oefen slegs regshandelinge namens die gemeente uit.

4.4. Die gemeente kan besluit om buite die eenheidsproses te bly of besluit om in 'n verenigde kerk op te gaan.

4.5. Die plaaslike kerk is in die Gereformeerde kerkreg 'n komplete selfstandige kerk en is dus in terme van die gewone reg 'n gemeenregterlike persoon dws 'n regspersoon.

4.6. Die kerkraad verteenwoordig slegs die plaaslike gemeente by die sinode en of Ring of in die gemeenregterlike sake.

4.7. Kerkrade moet gevolglik die gemeente toets oor sake wat vir die gemeente gevolge sal inhou bv. mbt verandering van lokale regte,die eenwording met ander kerke, die aanvaarding van belydenisskrifte, die hou van 'n eenheidsinode ens

B. Die Besluitnemingsbevoegdheid van 'n Eenheidsinode

2.1 Die plaaslike gemeente besit 'n eie en wesenlike mag terwyl die meerdere vergaderings slegs geen ander mag besit as wat deur die plaaslike gemeentes aan hul oorgedra word nie.

2.2 Meerdere vergaderings het slegs afgeleide en beperkte gesag

2.3 Die eenheidsinode ontleen dus haar mag en bevoegdheid om te handel en besluite te neem van die plaaslike gemeentes

2.4 Die besluite van 'n Eenheidsinode anders as die van konvente is ewe gesaghebbend, bindend as ander kerkvergaderings bv kerkraads-, ring-, sinodale vergaderings.

2.5 Met konvent word voorveronderstel dat die vergaderde kerke nie selfstandige liggame of strukture met eie bevoegdheid naas of buite die kerke om is nie.

2.6 Die besluite van konvente is gevolglik nie bindend op die deelnemende kerke nie

2.7 Daarteenoor behoort 'n eenheidsinode bindende besluite te kan neem

2.8 Klaarblyklik is daar egter tans 'n groter wordende behoefte in die VGKSA en NGK om kerkregtelike sanksie aan konvente te gee

2.9 Talryke werksaamhede wat tans deur die VGKSA Streeksinode Kaapland [**Kerkorde, Bepalinge, Reglemente van die VGKSA Streeksinode Kaapland 2002]** en NGK kerkordelik bestuur word, sal deur die daarstelling van 'n eenheidsinode noodwendig geraak word oa: Rings-, gemeente en sinode grense, kommissie werksaamhede, die opleiding en toelating van predikante, eenheid in leer, diens, tug ens.

2.10 Talryke reglemente, bepalings van die VGKSA Streeksinode Kaapland behoort gevolglik gewysig te word om die stigting van 'n eenheidsinode moontlik te maak andersins sal die sogenaamde eenheidsinode geen besluitnemingsbevoegdheid oor bostaande sake het nie.

2.11 Die NGK se kombinasie met gemeentes, ringe, sinodale werksaamhede word kerkordelik na behore verskans dmv Reg 12 van die Streeksinode Wes- en Suid-Kaap nl. **Reglement vir die kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes/kommissies van sinodes uit verskillende kerkverbande.**

2.12 Die **Interim Agreement,** wat eintlik niks anders is as 'n Engelse weergawe van die NGK Streeksinode Wes- en Suid-Kaap se reg 12 is nog nie deur die VGKSA op streeksinodale vlak of Algemene Sinodale vlak goedgekeur nie.

2.13 Mbt die regsgeldigheid van die SK Cradock [2003] se besluit mbt 'n eenheidsinode is dit belangrik om daarop te let die

kerkorde volgens die gereformeerde kerkreg sinodale besluite vooruit gaan.

2.14 Sinodebesluite mag dus nie met die kerkorde bots nie.

2.15 Aangesien die kerkorde van die VGKSA nie huidiglik voorsiening maak vir die kombinering van werksaamhede nie, stel die kerkorde steeds die regsgeldende alternatief teenoor ander moontlikhede wat sinodes aanbeveel aangesien sinodale besluite aan die kerkorde appelleerbaar is.

2.16 Sinodes en gemeentes asook Sinodale kommissies moet dus die kerkordelike bepalings en reglemente onderhou anders sal sulke besluite *ultra vires* wees .

2.17 Die hele aangeleentheid mbt **Interrim Agreement** behoort terugverwys te word na die eerskomende SK en/of ASK 2004 vir goedkeuring.

2.18 Slegs die Algemene sinode van die VGKSA kan tans die stigting van ‘n eenheidsinode op streeksinodale vlak goedkeur.

2.19 Kerkordelike wysigings wat die vorming van ‘n eenheidsinode dien moet gevolglik as beskrywingspunte ingedien word by die eersvolgende Streeksinode en/of Algemene Sinode.

2.20 Volgens die Gereformeerde kerkreg kan ons nie besluite, ooreenkomste aanvaar wat lynreg teenoor ons eie kerkorde staan nie. Sinodale kommissies kan ook nie besluite van sinodes gedurende die reses verander suspendeer of wysig nie. Slegs ‘n sinode kan haar besluite wysig.

2.21 Dit is tans regstegnies volgens die VGKSA se kerkorde nie moontlik om ‘n eenheidsinode te stig of om ‘n verenigde ring te stig waar deelnemende kerke hul eie sake afsonderlik bedryf en sekere sake gesamentlik doen nie.

2.22 Die VGKSA beweeg van die voorveronderstelling uit dat hul of in een kerkverband met byvoorbeeld die NGK tree of dat hul en die NGK aan verskillende kerkverbande behoort. Alreeds gedurende 1978 het beide die NGKA asook die NGSK besluit teen ‘n oorkoepelende sinode.

2.23 Die kerkeenheidsmodel wat die VGKSA voorhou is die opgee van outonomiteit van die onderskeie sinodes en die opgaan in een kerkverband.

2.24 ‘n Eenheidsinode sal slegs besluitnemingsbevoegdheid hê as bostaande kerkregtelike wysigings en/of soortgelyke wysigings deur of die Streeksinode of die Algemene Sinode goedgekeur word.